(3.30) $\lim_{N\to\infty} N\sigma^2_{S_N} = \lim_{N\to\infty} \sum_i \nu_{Ni}^{-1} \sum_g \sum_{g'} (c_i\nu_{Ng} - c_g\nu_{Ni})(c_i\nu_{Ng'} - c_{g'}\nu_{Ni}) \cdot \sigma_{B_{gi}B_{g'i}}$.

Bewys: Die bewys gaan aan die hand van 'n aantal hulp-teoremas.

Opmerkings.

1). Stelling 3.1 is 'n uitbreiding van stelling 1 van CHERNOFF en SAVAGE (1958) van twee na k steekproewe. Die bewys geskied op 'n analoë wyse en verskeie resultate van bogenoemde stelling word hier gebruik.

2). Voorwaardes (3.10) tot (3.14) ten opsigte van J is fundamenteel en word deurgaans in hierdie hoofstuk aanvaar (by alle lemmas en stellings).

3). In lemma 3.9 opmerking 1 word aangetoon dat

(3.31) $\lim_{N\to\infty} N\sigma^2_{S_N} > 0$ onder (3.3) en (3.28).

4). Voorwaarde (3.28) vereis dat $\operatorname{var}(\xi_{ij})>0$ vir alle i, waarby

(3.23a) $\operatorname{var}(\xi_{ij}) = \nu_{Ni}^{-2} \sum_g \sum_{g'} (c_i\nu_{Ng} - c_g\nu_{Ni})(c_i\nu_{Ng'} - c_{g'}\nu_{Ni})\sigma_{B_{gi}B_{g'i}}$

en

(3.22) $\sigma_{B_{gi}B_{g'i}} = \iint_{-\infty<x<y<\infty} F_i(x)[1-F_i(y)]J'[H(x)]J'[H(y)] \cdot [dF_g(x)dF_{g'}(y) + dF_{g'}(x)dF_g(y)]$.

Dui nou die frekwensiefunksie van die verdeling met verdelingsfunksie F_g aan deur f_g, aannemende die afgeleides van die F_i $(i=1,2,\ldots,k)$ bestaan. Indien die variasiegebiede van die verdelings met verdelingsfunksies F_g en $F_{g'}$ 'n gemeenskaplike gebied bevat van maat (ten opsigte van beide verdelings) > 0 (m.a.w. nie disjunk is nie), sê ons die frekwensiefunksies f_g en $f_{g'}$ oorvleuel mekaar.

Indien f_i geeneen van f_g of $f_{g'}$ oorvleuel nie, is $\sigma_{B_{gi}B_{g'i}} = 0$.* Indien f_i slegs f_g oorvleuel (en nie ook $f_{g'}$ nie), is $\sigma^2_{B_{gi}} \equiv \sigma_{B_{gi}B_{gi}} > 0$ en $\sigma_{B_{gi}B_{g'i}} = 0$ (selfs indien f_g en $f_{g'}$ mekaar oorvleuel).

Alleen indien f_i sowel f_g as $f_{g'}$ oorvleuel, is $\sigma_{B_{gi}B_{g'i}} > 0$, $g' \neq g$.

$\mathrm{var}(\xi_{ij}) > 0$ impliseer dus dat daar tenminste een waarde van $g \neq i$ bestaan (L.W. as $g=i$ is die koëffisiënt van $\sigma_{B_{gi}B_{g'i}}$ in (3.23a) gelyk aan nul en ook as $g'=i$) waarvoor $\sigma^2_{B_{gi}} > 0$. Dit beteken dus dat die frekwensiefunksies f_i en f_g mekaar oorvleuel. Elke frekwensiefunksie f_i moet deur tenminste één ander frekwensiefunksie oorvleuel word ($\mathrm{var}(\xi_{ij})>0$ vir alle $i=1,2,\ldots,k$). Daar kan dus onder voorwaarde (3.28) geen frekwensiefunksies wees wat alleen lê nie.

Sien ook die opmerking na die bewys van stelling 3.3.

Lemma 3.4. S_N kan soos volg opgesplits word:

$$(3.32)\quad S_N = A + B_{1N} + B_{2N} + \sum_{m=1}^{5} C_{mN}$$

waar

$$(3.33)\quad A = \sum_i c_i \int_I J(H)\,dF_i$$

$$(3.34)\quad B_{1N} = \sum_i c_i \int_I J(H)\,d(F_{in_i} - F_i)$$

$$(3.35)\quad B_{2N} = \sum_i c_i \int_I (H_N - H)J'(H)\,dF_i$$

$$(3.36)\quad C_{1N} = \sum_i c_i \int_I (H_N - H)J'(H)\,d(F_{in_i} - F_i)$$

$$(3.37)\quad C_{2N} = \sum_i c_i \int_{I_N} \tfrac{1}{2}(H_N - H)^2 J''[\phi H_N + (1-\phi)H]\,dF_{in_i}, \quad 0<\phi<1$$

---

* Die geval waar die variasiegebied van een verdeling bevat word in die variasiegebied van 'n tweede verdeling sonder dat hulle mekaar oorvleuel, word uitgesluit.

$$(3.38)\quad C_{3N} = -\sum_i c_i \int_{H_N=1} [J(H)+(H_N-H)J'(H)]dF_{in_i}$$

$$(3.39)\quad C_{4N} = \sum_i c_i \int_{I_N} [J_N(H_N)-J(H_N)]dF_{in_i}$$

$$(3.40)\quad C_{5N} = \sum_i c_i \int_{H_N=1} J_N(H_N)dF_{in_i} .$$

Bewys: $S_N = \sum_i c_i \int_{-\infty}^{\infty} J_N[H_N(x)]dF_{in_i}(x)$

$$= \sum_i c_i \int_{I_N} [J_N(H_N)-J(H_N)]dF_{in_i} + \sum_i c_i \int_{I_N} J(H_N)dF_{in_i} + \sum_i c_i \int_{H_N=1} J_N(H_N)dF_{in_i}$$

$$= C_{4N} + \sum_i c_i \int_{I_N} \left\{J(H)+(H_N-H)J'(H)+\tfrac{1}{2}(H_N-H)^2J''[\emptyset H_N+(1-\emptyset)H]\right\}dF_{in_i} + C_{5N} \quad \text{met } 0<\emptyset<1$$

$$= C_{4N} + \sum_i c_i \int_{0<H<1} [J(H)+(H_N-H)J'(H)]d(F_{in_i}-F_i+F_i) -$$

$$-\sum_i c_i \int_{H_N=1} [J(H)+(H_N-H)J'(H)]dF_{in_i} +$$

$$+\sum_i c_i \int_{I_N} \tfrac{1}{2}(H_N-H)^2J''[\emptyset H_N+(1-\emptyset)H]dF_{in_i} + C_{5N}$$

$$= C_{4N} + \sum_i c_i \int_{0<H<1} J(H)dF_i + \underline{\sum_i c_i \int_{0<H<1} J(H)d(F_{in_i}-F_i)} +$$

$$+\underline{\sum_i c_i \int_{0<H<1}} (H_N-H)J'(H)dF_i + \sum_i c_i \int_{0<H<1} (H_N-H)J'(H)d(F_{in_i}-F_i) +$$

$$+ C_{3N} + C_{2N} + C_{5N}$$

$$= C_{4N}+A+B_{1N}+B_{2N}+C_{1N}+C_{3N}+C_{2N}+C_{5N} .$$

Opmerking.

Die A-, B- en C-terme stel die „konstante", „eerste orde stogastiese" en „tweede orde stogastiese" terme van S_N voor.

Lemma 3.5. Die term A is eindig.

Bewys: $A = \sum_i c_i \int_I J(H)dF_i$ uit (3.33).

Uit (3.7) volg dat $F_i(x) \leq \nu_{Ni}^{-1}H(x)$ – sien vergelyking (3.50) – sodat:

$$(3.41)\quad \left|\int_{-\infty}^{\infty} J[H(x)]dF_i(x)\right| \leq K \int_0^1 [H(1-H)]^{\delta-\frac{1}{2}} dH \text{ uit } (3.3) \text{ en } (3.14)$$

$$= K\, B(\delta+\tfrac{1}{2}, \delta+\tfrac{1}{2}) \quad ^{6)}$$

$$= K' < \infty.$$

Omdat die c_i's eindig is en die sommasie oor 'n eindige aantal terme gaan, volg uit bostaande dat A bestaan en eindig is.

Lemma 3.6. Vir I: $0<H<1$ geld

$$(3.42)\quad \int_I \left[\int_{x_0}^{x} J'[H(x)]dH(x)\right] d[F_{in_i}(x)-F_i(x)]$$

$$= \int_I J[H(x)]d[F_{in_i}(x)-F_i(x)].$$

Bewys: $\int_I \left[\int_{x_0}^{x} J'[H(x)]dH(x)\right] d[F_{in_i}(x) - F_i(x)]$

$$= \int_I J[H(x)]d[F_{in_i}(x) - F_i(x)]$$

$$-J[H(x_0)]\int_I d[F_{in_i}(x) - F_i(x)]$$

$$= \int_I J(H)d(F_{in_i} - F_i).$$

Lemma 3.7. Vir $\xi_{ij} = \nu_{Ni}^{-1} \sum_g (c_i\nu_{Ng} - c_g\nu_{Ni})\widetilde{B}_g(x_{ij})$ geld onder voorwaarde (3.28):

$$(3.43)\quad 0 < \operatorname{var}(\xi_{ij}) < \infty.$$

Bewys: Uit (3.22) volg

$$\sigma_{B_{gi}B_{g'i}} = \iint_{-\infty<x<y<\infty} F_i(x)[1-F_i(y)]J'[H(x)]J'[H(y)] \cdot [dF_g(x)dF_{g'}(y) + dF_{g'}(x)dF_g(y)]$$

$$\leq 2K \iint_{-\infty<x<y<\infty} H(x)[1-H(y)]J'[H(x)]J'[H(y)]dH(x)dH(y)$$

(sien (3.52) en (3.53)), sodat m.b.v. (3.14) volg:

$\sigma_{B_{gi}B_{g'i}} < \infty$ vir alle g, g' en i (vergelyk CHERNOFF en SAVAGE(1958) p. 989).

---

6). B dui die gewone betafunksie aan en die K 's konstante getalle.

Uit (3.3) en (3.23a) volg dus dat

(3.44) $\mathrm{var}(\xi_{ij}) < \infty$.

Die resultaat volg m.b.v. (3.28).

STELLING 3.2.

Indien

(3.28) $\mathrm{var}(\xi_{ij}) > 0$ vir alle i en j,

dan is $\sqrt{N}(B_{1N} + B_{2N})$ onder H asimptoties ormaal verdeel indien $N \to \infty$.

Bewys: Uit (3.34) en (3.35) volg

(3.45) $B_{1N}+B_{2N} = \sum_i c_i \int_I J(H)d(F_{in_i} - F_i) + \sum_i c_i \int_I (H_N - H)J'(H)dF_i$

$$= \sum_i c_i \int_I [\int_{x_0}^{x} J'[H(x)]dH(x)]d[F_{in_i}(x) - F_i(x)] +$$

$$+ \sum_i c_i [\{H_N(x) - H(x)\} \int_{x_0}^{x} J'[H(x)]dF_i(x)]_{-\infty}^{\infty} -$$

$$- \sum_i c_i \int_I [\int_{x_0}^{x} J'[H(x)]dF_i(x)]d[H_N(x) - H(x)]$$ deur parsiële integrasie en m.b.v. lemma 3.6. Uit lemma 3.2 en vergelykings (3.6) en (3.7) volg verder met waarskynlikheid een

$$= \sum_i c_i \int_I [\int_{x_0}^{x} J'[H(x)]d\sum_g \nu_{Ng} F_g(x)]d[F_{in_i}(x) - F_i(x)] -$$

$$- \sum_i c_i \int_I [\int_{x_0}^{x} J'[H(x)]dF_i(x)]d[\sum_g \nu_{Ng} F_{gn_g}(x) - \sum_g \nu_{Ng} F_g(x)]$$

$$= \sum_i c_i \sum_g \nu_{Ng} \int_I [\int_{x_0}^{x} J'[H(x)]dF_g(x)]d[F_{in_i}(x) - F_i(x)] -$$

$$- \sum_i c_i \int_I [\int_{x_0}^{x} J'[H(x)]dF_i(x)] \sum_g \nu_{Ng} d[F_{gn_g}(x) - F_g(x)]$$

want $d(\sum_g \nu_{Ng} F_g) = \sum_g \nu_{Ng} dF_g$

$$= \sum_i c_i \sum_g \nu_{Ng} \int_I B_g(x)d[F_{in_i}(x) - F_i(x)] -$$

$$- \sum_i c_i \sum_g \nu_{Ng} \int_I B_i(x)d[F_{gn_g}(x) - F_g(x)]$$ uit (3.16)

$$= \sum_i c_i \sum_g \nu_{Ng} [\int_I B_g dF_{in_i} - \int_I B_g dF_i - \int_I B_i dF_{gn_g} + \int_I B_i dF_g]$$

$$= \sum_i c_i \sum_g \nu_{Ng}[n_i^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} \{B_g(x_{ij})-EB_g(x_i)\}-n_g^{-1} \sum_{j=1}^{n_g} \{B_i(x_{gj})-EB_i(x_g)\}]$$

$$= \sum_i c_i \sum_g \nu_{Ng} n_i^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} \tilde{B}_g(x_{ij}) - \sum_i c_i \sum_g \nu_{Ng} n_g^{-1} \sum_{j=1}^{n_g} \tilde{B}_i(x_{gj}) \quad \text{uit (3.17)}$$

$$= \sum_i c_i \sum_g \nu_{Ng} n_i^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} \tilde{B}_g(x_{ij}) - \sum_g c_g \sum_i \nu_{Ni} n_i^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} \tilde{B}_g(x_{ij}) \ .$$

Omdat die sommasies in die vorige reël onafhanklik vanmekaar is, kan die indekse in die tweede uitdrukking verwissel word. Verder kan eindige sommasies verwissel word, sodat bostaande

$$= \sum_i \sum_g c_i \nu_{Ng} n_i^{-1} \sum_j \tilde{B}_g(x_{ij}) - \sum_i \sum_g c_g \nu_{Ni} n_i^{-1} \sum_j \tilde{B}_g(x_{ij})$$

$$= \sum_i [n_i^{-1} \sum_j \sum_g (c_i \nu_{Ng} - c_g \nu_{Ni}) \tilde{B}_g(x_{ij})]$$

$$= N^{-1} \sum_i \sum_j \xi_{ij} \quad \text{m.b.v. (3.18)}$$

$$= N^{-1} \sum_i \xi_i \quad \text{sodat}$$

(3.46) $\sqrt{N}(B_{1N} + B_{2N}) = N^{-\frac{1}{2}} \sum_i \xi_i$ met waarskynlikheid een.

Vir vaste i is daar n_i onderling onafhanklike, identies verdeelde variante ξ_{ij}, $j=1,2,\ldots,n_i$, elk met eindige positiewe variansie (sien lemma 3.7) soos gegee in (3.23a).

Volgens die sentrale limietstelling (CRAMéR(1946) p. 215) is die som $N^{-\frac{1}{2}}\xi_i = N^{-\frac{1}{2}} \sum_{j=1}^{n_i} \xi_{ij}$ asimptoties normaal verdeel as $n_i \to \infty$ $(0<\nu_0 \leq n_i/N \leq 1-\nu_0<1)$.

Die variante $N^{-\frac{1}{2}}\xi_i$ en $N^{-\frac{1}{2}}\xi_{i'}$ is onderling onafhanklik indien $i' \neq i$. Omdat elk van die k variante $N^{-\frac{1}{2}}\xi_i$ asimptoties normaal verdeel is, besit die som $\sqrt{N}(B_{1N}+B_{2N})=N^{-\frac{1}{2}}\sum_i \xi_i$ asimptoties 'n normaalverdeling as $N \to \infty$ [7].

---

7). Voorwaarde (3.3) impliseer dat alle $n_i \to \infty$ as $N \to \infty$.

Lemma 3.8. Die asimptotiese verwagtingswaarde van S_N word gegee deur

$$(3.29)\quad \lim_{N\to\infty} E(S_N) = \sum_i c_i \int_I J(H)dF_i \,.$$

Bewys: $E(B_{1N}+B_{2N}) = E(N^{-1} \sum_i \sum_j \xi_{ij})$ uit (3.45)

$$= N^{-1} \sum_i \sum_j E(\xi_{ij})$$

$= 0$ uit (3.20).

Elk van die C-terme $= o_p(N^{-\frac{1}{2}})$ - sien lemma 3.10 .

Gevolglik is $\lim_{N\to\infty} E(S_N) = A$ uit (3.32)

$= \sum_i c_i \int_I J(H)dF_i$ uit (3.33).

Opmerking.

$\lim_{N\to\infty} E(S_N) = A$ is eindig - sien lemma 3.5.

Lemma 3.9. Die asimptotiese waarde van die variansie van $N^{\frac{1}{2}}\underline{S}_N$ word gegee deur:

$$(3.30)\quad \lim_{N\to\infty} N\sigma^2_{S_N} = \lim_{N\to\infty} \sum_i \nu_{Ni}^{-1} \sum_g \sum_{g'} (c_i\nu_{Ng}-c_g\nu_{Ni})(c_i\nu_{Ng'}-c_{g'}\nu_{Ni})\cdot \sigma_{B_{gi}B_{g'i}}$$

waar

$$(3.22)\quad \sigma_{B_{gi}B_{g'i}} = \iint_{-\infty<x<y<\infty} F_i(x)[1-F_i(y)]J'[H(x)]J'[H(y)]\cdot [dF_g(x)dF_{g'}(y) + dF_{g'}(x)dF_g(y)] \,.$$

Bewys: $\operatorname{var}[\sqrt{N}(B_{1N}+B_{2N})] = \operatorname{var}(N^{-\frac{1}{2}}\sum_i \xi_i)$ uit (3.46)

$= \sum_i \nu_{Ni}^{-1} \sum_g \sum_{g'} (c_i\nu_{Ng}-c_g\nu_{Ni})(c_i\nu_{Ng'}-c_{g'}\nu_{Ni})\sigma_{B_{gi}B_{g'i}}$ uit (3.25) en (3.27).

Omdat A konstant en $N^{\frac{1}{2}}$ x die C-terme asimptoties in waarskynlikheid gelyk is aan nul (sien lemma 3.10), geld:

$$(3.47)\quad \lim_{N\to\infty} N\sigma^2_{S_N} = \lim_{N\to\infty} N\operatorname{var}(B_{1N}+B_{2N})$$

$$= \lim_{N\to\infty} \sum_i \nu_{Ni}^{-1} \sum_g \sum_{g'} (c_i\nu_{Ng}-c_g\nu_{Ni})(c_i\nu_{Ng'}-c_{g'}\nu_{Ni})\sigma_{B_{gi}B_{g'i}}$$

waar $\sigma_{B_{gi}B_{g'i}}$ gegee is in (3.22).

Opmerkings.

1). Met behulp van (3.23a) volg uit (3.47):

$$(3.48)\quad \lim_{N\to\infty} N\sigma^2_{S_N} = \lim_{N\to\infty} \sum_i \nu_{Ni}\operatorname{var}(\xi_{ij}).$$

Deurdat $0<\nu_o\leq\nu_{Ni}\leq 1-\nu_o<1$ vir alle i, en die sommasie oor 'n eindige aantal terme gaan, volg m.b.v. (3.43) dat

$$(3.49)\quad 0 < \lim_{N\to\infty} N\sigma^2_{S_N} < \infty.$$

2). Stel $k=2$, $c_1=1$, $c_2=0$, $\nu_1=\lambda$, $\nu_2=1-\lambda$, $F_1=F$ en $F_2=G$, dan reduseer $\lim_{N\to\infty} N\sigma^2_{S_N}$ tot:

$$\lim_{N\to\infty} N\sigma^2_{S_N} = (1-\lambda)\sigma^2_{B_{12}} + \frac{(1-\lambda)^2}{\lambda}\sigma^2_{B_{21}} \quad \text{waar}$$

$$\sigma^2_{B_{12}} = 2 \iint_{-\infty<x<y<\infty} G(x)[1-G(y)]J'[H(x)]J'[H(y)]dF(x)dF(y) \quad \text{en}$$

$$\sigma^2_{B_{21}} = 2 \iint_{-\infty<x<y<\infty} F(x)[1-F(y)]J'[H(x)]J'[H(y)]dG(x)dG(y)$$

wat presies dieselfde is as $\lim_{N\to\infty} N\sigma^2_{T_N}$ van CHERNOFF en SAVAGE(1958) [8].

Lemma 3.10. Die C-terme is almal asimptoties in waarskynlikheid van kleiner orde as $N^{-\frac{1}{2}}$.

Bewys: Die volgende resultate word gebruik, naamlik (sien C+S(1958)):

Vir alle waardes van i geld:

$$(3.50)\quad H \geq \nu_{Ni}F_i \geq \nu_o F_i,$$

$$(3.51)\quad 1-F_i \leq (1-H)/\nu_{Ni} \leq (1-H)/\nu_o,$$

$$(3.52)\quad F_i(1-F_i) \leq H(1-H)\nu_{Ni}^{-2} \leq H(1-H)\nu_o^{-2} \quad \text{en}$$

$$(3.53)\quad dH \geq \nu_{Ni}dF_i \geq \nu_o dF_i.$$

Laat (a_N, b_N) die interval $S_{N\varepsilon}$ wees waar

$$(3.54)\quad S_{N\varepsilon} = \left\{x\colon H(1-H) > \eta_\varepsilon\nu_o/N\right\}.$$

η_ε kan, onafhanklik van F_i en ν_{Ni}, so gekies word dat $P[\underline{x}_{ij} \in S_{N\varepsilon},\ j=1,2,\ldots,n_i;\ i=1,2,\ldots,k] \geq 1-\varepsilon$.

Uit vergelykings (3.36) tot (3.40) volg agtereenvolgens:

---

8). Voortaan skryf ons kortweg C+S(1958) in plaas van CHERNOFF en SAVAGE(1958).

$$C_{1N} = \sum_i c_i \int_I (H_N-H)J'(H)d(F_{in_i}-F_i)$$

$$= \sum_i c_i \int_I (\sum_g \nu_{Ng}F_{gn_g} - \sum_g \nu_{Ng}F_g)J'(H)d(F_{in_i}-F_i) \quad \text{m.b.v. (3.6) en (3.7)}$$

$$= \sum_i c_i \int_I \sum_g \nu_{Ng}(F_{gn_g}-F_g)J'(H)d(F_{in_i}-F_i)$$

$$= \sum_i \sum_g c_i \nu_{Ng} \int_I (F_{gn_g}-F_g)J'(H)d(F_{in_i}-F_i)$$

$$= \sum_i c_i \nu_{Ni} \int_I (F_{in_i}-F_i)J'(H)d(F_{in_i}-F_i)$$
$$+ \sum_{i\neq g}\sum c_i \nu_{Ng} \int_I (F_{gn_g}-F_g)J'(H)d(F_{in_i}-F_i)$$

$= o_p(N^{-\frac{1}{2}})$ op analoë wyse as by C+S(1958) se C_{1N}- en C_{2N}-terme.

$$C_{2N} = \sum_i c_i \int_{I_N} \tfrac{1}{2}(H_N-H)^2 J''[\emptyset H_N+(1-\emptyset)H]dF_{in_i}\ , \quad 0<\emptyset<1$$

$= o_p(N^{-\frac{1}{2}})$ netsoos C+S(1958) se C_{3N}-term.

$$-C_{3N} = \sum_i c_i \int_{H_N=1} [J(H)+(H_N-H)J'(H)]dF_{in_i}$$

$= o_p(N^{-\frac{1}{2}})$ soos C+S(1958) se C_{4N}-term.

$$C_{4N} = \sum_i c_i \int_{I_N} [J_N(H_N)-J(H_N)]dF_{in_i}$$

$= o_p(N^{-\frac{1}{2}})$ uit (3.12).

$$C_{5N} = \sum_i c_i \int_{H_N=1} J_N(H_N)dF_{in_i}$$

$= o(N^{\frac{1}{2}})O(N^{-1})$ uit (3.13)

$= o(N^{-\frac{1}{2}})$.

Bewys van stelling 3.1.

Volgens stelling 3.2 is $\sqrt{N}(B_{1N}+B_{2N})$ asimptoties normaal verdeel as $N\to\infty$, en wel met positiewe eindige variansie (lemma 3.9 opmerking 1).

Omdat A eindig is (lemma 3.5) en die C-terme asimptoties in waarskynlikheid van kleiner orde as $N^{-\frac{1}{2}}$ is (lemma 3.10), is $N^{\frac{1}{2}}S_N$ ook asimptoties normaal verdeel met asimptotiese verwagtingswaarde en variansie soos gegee in lemmas 3.8 en 3.9, want $E(B_{1N}+B_{2N}) = 0$.

$[N^{\frac{1}{2}}\underline{S}_N - E(N^{\frac{1}{2}}\underline{S}_N)][\mathrm{var}(N^{\frac{1}{2}}\underline{S}_N)]^{-\frac{1}{2}}$ is dus asimptoties normaal (0,1) verdeel. Gevolglik is

$[S_N - E(S_N)][\mathrm{var}(S_N)]^{-\frac{1}{2}}$ asimptoties normaal (0,1) verdeel as $N \to \infty$.

Hiermee is stelling 3.1 bewys.

Opmerking.

Die bewys kan uitgebrei word na die geval waar die F_i en ν_{Ni} nie vas is nie. Onder die voorwaardes van stelling 3.1 geld die asimptotiese normaliteit gelykmatig met betrekking tot die F_i en ν_{Ni}, $0<\nu_0 \leq \nu_{Ni} \leq 1-\nu_0 <1$.

Die bewys van hierdie bewering gaan analoog aan dié van „Corollary 1" van C+S(1958). Soos in C+S(1958) kan bewys word dat $E|B_i(x)|^{2+\delta} < \infty$ en met behulp van lemma 3.11 hieronder kan verder bewys word dat $E|\xi_{ij}|^{2+\delta} < \infty$.

Lemma 3.11. Indien vir 'n ry funksies $G_g(x)$, $g=1,2,\ldots,k$ geld $E|G_g(x)|^{2+\delta} = O(1)$ vir $\delta>0$ en k eindig, dan volg uit 'n stelling van Taylor (TAYLOR, A. E. (1958) „Introduction to Functional Analysis" p. 16) dat

$$E|\sum_g G_g(x)|^{2+\delta} = O(1).$$

Lemma 3.12. (C+S(1958)): As $J_N(\frac{h}{N})$ die verwagtingswaarde is van die h^{de} waarde in rang van 'n ewekansige steekproef van grootte N uit 'n populasie met verdelingsfunksie die inverse funksie van J en

$$|J^{(m)}(U)| \leq K[U(1-U)]^{-m-\frac{1}{2}+\delta} \quad \text{vir } \delta>0 \text{ en } m=0,1,2, \quad \text{dan is}$$

$$\lim_{N\to\infty} J_N(H) = J(H) \qquad 0<H<1,$$

$$J_N(1) = o(N^{\frac{1}{2}}) \qquad \text{en}$$

$$\int_{I_N} [J_N(H_N) - J(H_N)]dF_{in_i} = o_p(N^{-\frac{1}{2}}).$$

Bewys: Die lemma volg regstreeks uit C+S(1958) se teorema 2.

3.4. DIE TOETSINGSGROOTHEID T_k.

Stel

$$(3.55)\quad t_i = \int_{-\infty}^{\infty} J_N[H_N(x)]dF_{in_i}(x)$$

waarby $F_{in_i}(x)$ en $H_N(x)$ in (3.5) en (3.6) gedefinieer is en J_N 'n willekeurige funksie is wat voldoen aan voorwaardes (3.10) tot (3.14).

Laat

$$(3.56)\quad \hat{t}_i = (N-n_i)^{\frac{1}{2}}[t_i - E(t_i|H)][N\mathrm{var}(t_i|H)]^{-\frac{1}{2}} .$$

Dan definieer ons as toetsingsgrootheid:

$$(3.57)\quad T_k = \sum_{i=1}^{k} \hat{t}_i^2 .$$

Opmerkings.

1). Die groothede t_i, $\hat{t}_i$ en T_k is almal afhanklik van N.

2). Uit (3.9) volg dat $S_N = t_i$ as

$$(3.58)\quad c_{i'} = \begin{cases} 1 \text{ indien } i' = i \\ 0 \text{ indien } i' \neq i \end{cases} .$$

3). t_i kan geskryf word in die vorm

$$(3.59)\quad t_i = A^{(i)} + B_{1N}^{(i)} + B_{2N}^{(i)} + C^{(i)}$$

netsoos S_N. Omdat die $A^{(i)}$-terme in hierdie geval ook konstant en $N^{\frac{1}{2}}$ x die $C^{(i)}$-terme asimptoties in waarskynlikheid gelyk aan nul is (sien byvoorbeeld lemma 3.10), is alleen die $B^{(i)}$-terme van belang by die bepaling van die asimptotiese variansies en kovariansies van die t_i 's.

Uit (3.45) volg m.b.v. (3.58) dat

$$(3.60)\quad B_{1N}^{(i)} + B_{2N}^{(i)} = \sum_g \nu_{Ng}[n_i^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} \tilde{B}_g(x_{ij}) - n_g^{-1} \sum_{j=1}^{n_g} \tilde{B}_i(x_{gj})]$$

$$= t_i'' \text{, sê.}$$

4). Met behulp van (3.58) volg uit (3.33) dat

$$(3.61)\quad A^{(i)} = \int_I J(H)dF_i .$$

3.5. LIMIETVERDELING VAN T_k ONDER H.

Lemma 3.13. Die verwagtingswaarde van t_i'' word gegee deur

(3.62) $E(t_i'') = 0.$

Bewys: Uit (3.60) volg

$$E(t_i'') = 0 \text{ omdat } E\tilde{B}_g(x_{ij}) = 0 \text{ vir alle } i,\ g \text{ en } j.$$

Lemma 3.14. Die asimptotiese waarde van die verwagtingswaarde van t_i word gegee deur

(3.63) $\lim\limits_{N\to\infty} E(t_i) = \int_I J(H)dF_i < \infty.$

Bewys: Met behulp van (3.58) volg uit (3.29) dat

$$\lim_{N\to\infty} E(t_i) = \int_I J(H)dF_i \quad \text{(sien §3.4 opmerking 1)}$$

$$= K < \infty \text{ soos in lemma 3.5.}$$

Lemma 3.15. Die variansie van t_i'' word gegee deur

(3.64) $N\text{var}(t_i'') = \nu_{Ni}^{-1} \sum\limits_g \sum\limits_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\sigma_{B_{gi}B_{g'i}} - 2\sum\limits_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi}B_{ii}} + \sum\limits_g \nu_{Ng}\sigma^2_{B_{ig}}$

en die kovariansie tussen t_i'' en $t_{i'}''$ vir $i' \neq i$ deur

(3.65) $N\text{kov}(t_i'', t_{i'}'') = \sum\limits_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{ig}B_{i'g}} - \sum\limits_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi}B_{i'i}} - \sum\limits_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi'}B_{ii'}}$

waar $\sigma_{B_{gi}B_{g'i}}$ gegee is in (3.22) en $\sigma^2_{B_{ig}} \equiv \sigma_{B_{ig}B_{ig}}$.

Bewys: $N\text{kov}(t_i'', t_{i'}'') = NE(t_i'', t_{i'}'')$ vir $i, i' = 1, 2, \ldots, k$

$$= N\,E\Big\{\Big[\sum_g \nu_{Ng} n_i^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} \tilde{B}_g(x_{ij}) - \sum_g \nu_{Ng} n_g^{-1} \sum_{j=1}^{n_g} \tilde{B}_i(x_{gj})\Big]\cdot$$

$$\cdot\Big[\sum_{g'} \nu_{Ng'} n_{i'}^{-1} \sum_{j'=1}^{n_{i'}} \tilde{B}_{g'}(x_{i'j'}) - \sum_{g'} \nu_{Ng'} n_{g'}^{-1} \sum_{j'=1}^{n_{g'}} \tilde{B}_{i'}(x_{g'j'})\Big]\Big\}$$

$$= E\Big[\sum_g \nu_{Ng} n_i^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} \tilde{B}_g(x_{ij})\, \nu_{Ni'}^{-1} \sum_{g'} \nu_{Ng'} \sum_{j'=1}^{n_{i'}} \tilde{B}_{g'}(x_{i'j'})\Big] \qquad (=A' \text{ sê})$$

$$-E\Big[\sum_g \nu_{Ng} n_i^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} \tilde{B}_g(x_{ij}) \sum_{g'} \sum_{j'=1}^{n_{g'}} \tilde{B}_{i'}(x_{g'j'})\Big] \qquad (=B' \text{ sê})$$

$$-E\Big[\sum_g \sum_{j=1}^{n_g} \tilde{B}_i(x_{gj}) n_{i'}^{-1} \sum_{g'} \nu_{Ng'} \sum_{j'=1}^{n_{i'}} \tilde{B}_{g'}(x_{i'j'})\Big] \qquad (=C' \text{ sê})$$

$$+E\Big[\sum_g \nu_{Ng} n_g^{-1} \sum_{j=1}^{n_g} \tilde{B}_i(x_{gj}) \sum_{g'} \sum_{j'=1}^{n_{g'}} \tilde{B}_{i'}(x_{g'j'})\Big]\ . \qquad (=D' \text{ sê})$$

Neem die terme afsonderlik.

$$A' = E[\sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\, n_i^{-1}\nu_{Ni'}^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} \sum_{j'=1}^{n_{i'}} \widetilde{B}_g(x_{ij})\widetilde{B}_{g'}(x_{i'j'})]$$

$= 0$ indien $i' \neq i$ want dan is $\widetilde{B}_g(x_{ij})$ en $\widetilde{B}_{g'}(x_{i'j'})$ onafhanklik vanmekaar en $E\widetilde{B}_g(x_{ij}) = 0$.

Indien $i' = i$, is

$$A' = n_i^{-1}\nu_{Ni}^{-1} \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\, E[\sum_j \widetilde{B}_g(x_{ij})\widetilde{B}_{g'}(x_{ij}) + \sum_{j \neq j'}\sum \widetilde{B}_g(x_{ij})\widetilde{B}_{g'}(x_{ij'})]$$

$$= n_i^{-1}\nu_{Ni}^{-1} \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}[\sum_j E\widetilde{B}_g(x_{ij})\widetilde{B}_{g'}(x_{ij}) + \sum_{j \neq j'}\sum E\widetilde{B}_g(x_{ij})\widetilde{B}_{g'}(x_{ij'})]$$

$= n_i^{-1}\nu_{Ni}^{-1} \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\, n_i \sigma_{B_{gi}B_{g'i}} + 0$ omdat x_{ij} en $x_{ij'}$ onafhanklik is en met behulp van (3.27)

$$= \nu_{Ni}^{-1} \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\, \sigma_{B_{gi}B_{g'i}} .$$

$B' = - \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng} n_i^{-1}\, E[\sum_{j=1}^{n_i} \sum_{j'=1}^{n_{g'}} \widetilde{B}_g(x_{ij})\widetilde{B}_{i'}(x_{g'j'})]$ wat nul is behalwe as $g' = i$ <u>en</u> $j' = j$, in welke geval

$$B' = - \sum_g \nu_{Ng} n_i^{-1} \sum_{j=1}^{n_i} E\widetilde{B}_g(x_{ij})\widetilde{B}_{i'}(x_{ij})$$

$$= - \sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi}B_{i'i}} .$$

Netsoos B', is

$$C' = - \sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi'}B_{ii'}} .$$

$D' = \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng} n_g^{-1}\, E[\sum_{j=1}^{n_g} \sum_{j'=1}^{n_{g'}} \widetilde{B}_i(x_{gj})\widetilde{B}_{i'}(x_{g'j'})]$ wat nul is behalwe as $g' = g$ <u>en</u> $j' = j$

$$= \sum_g \nu_{Ng} n_g^{-1} \sum_{j=1}^{n_g} E\widetilde{B}_i(x_{gj})\widetilde{B}_{i'}(x_{gj})$$

$$= \sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{ig}B_{i'g}} .$$

Indien $i' = i$, volg dat

$$N\,\mathrm{var}(t_i'') = \nu_{Ni}^{-1} \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\,\sigma_{B_{gi}B_{g'i}} - 2\sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi}B_{ii}} + \sum_g \nu_{Ng}\sigma^2_{B_{ig}} .$$

Indien $i' \neq i$, volg dat

$$N.\text{kov}(t_i'', t_{i'}'') = \sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{ig}B_{i'g}} - \sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi}B_{i'i}} - \sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi'}B_{ii'}}$$

Hiermee is lemma 3.15 bewys.

Opmerkings.

1). Omdat $A^{(i)}$ konstant en die $C^{(i)}$-terme asimptoties in waarskynlikheid van kleiner orde as $N^{-\frac{1}{2}}$ is, volg:

(3.66) $\lim\limits_{N\to\infty} N \text{ var}(t_i) = \lim\limits_{N\to\infty} N \text{ var}(t_i'')$ en

(3.67) $\lim\limits_{N\to\infty} N \text{ kov}(t_i, t_{i'}) = \lim\limits_{N\to\infty} N \text{ kov}(t_i'', t_{i'}'')$, $i' \neq i$.

2). Substitusie van (3.58) in (3.30) lewer dieselfde uitdrukking vir $\lim\limits_{N\to\infty} N \text{ var}(t_i)$ as dié in (3.64).

3). Met behulp van (3.58) volg uit (3.49) dat

(3.68) $0 < \lim\limits_{N\to\infty} N \text{ var}(t_i) < \infty$. (Sien ook (3.23a) en lemma 3.7).

Lemma 3.16. Die verwagtingswaarde van T_k onder H word gegee deur $E(T_k) = (k-1)$.

Bewys: $E(T_k) = E\left\{\sum\limits_i (N-n_i)[t_i - E(t_i)]^2 [N \text{ var}(t_i)]^{-1}\right\}$

$= \sum\limits_i (1-n_i/N)\ E[t_i - E(t_i)]^2/\text{var}(t_i)$

$= (k-1)$.

Lemma 3.17. Laat

(3.69) $e_i = Nc_i(N-n_i)^{-\frac{1}{2}}[\text{var}(t_i)]^{\frac{1}{2}}$ vir $i=1,2,\ldots,k$,

dan besit

(3.70) $\hat{\underline{S}} = \sum\limits_i e_i \hat{t}_i$

asimptoties 'n normaalverdeling as $N\to\infty$.

Bewys: $[S_N - E(S_N)]/\sigma_{S_N}$ is asimptoties normaal (0,1) verdeel as $N\to\infty$ (stelling 3.1). Gevolglik is $N^{\frac{1}{2}}(S_N - ES_N)$ asimptoties normaal verdeel as $N\to\infty$ omdat

(3.49) $0 < \lim\limits_{N\to\infty} N\sigma^2_{S_N} < \infty$.

Maar uit (3.9) en (3.55) volg

$$(3.71)\quad N^{\frac{1}{2}}(S_N-ES_N) = N^{\frac{1}{2}} \sum_i c_i[t_i-E(t_i)]$$

$$= N^{\frac{1}{2}} \sum_i (N-n_i)^{\frac{1}{2}} N^{-1}[\mathrm{var}(t_i)]^{-\frac{1}{2}} e_i[t_i-E(t_i)]$$

(sien lemma 3.15 opmerking 3)

$$= \sum_i e_i(N-n_i)^{\frac{1}{2}}[t_i-E(t_i)][N\ \mathrm{var}(t_i)]^{-\frac{1}{2}}$$

$$= \sum_i e_i \hat{t}_i \quad \text{uit (3.56)}$$

$$= \hat{S}, \quad \text{waarmee die lemma bewys is.}$$

Opmerking.

Deurdat die c_i 's willekeurige eindige getalle is, kan die e_i 's ook beskou word as willekeurige eindige getalle (uit (3.69) en lemma 3.15 opmerking 3).

STELLING 3.3.

Indien

(3.72) Enige twee frekwensiefunksies wat mekaar nie reeds oorvleuel nie, albei deur 'n gemeenskaplike derde frekwensiefunksie oorvleuel word (oorvleuelingsgebiede van maat, m.b.t. elk van die oorvleuelende verdelings, > 0),

dan is die momentematriks M_3 van die variante $N^{\frac{1}{2}}t_i$ onder H asimptoties van rang $(k-1)$ as $N\to\infty$.

Bewys: Die bewys gaan aan die hand van enkele hulpteoremas.

Opmerking.

Onder (3.58) impliseer voorwaarde (3.72) die geldigheid van (3.28).

Lemma 3.18. Stelling 3.3 geld onder H_o .

Bewys: Onder H_o is $\sigma_{B_{gi}B_{g'i'}}$ = konstant, sê $= \sigma^2$, vir alle i, i', g en g'.

Vergelyking (3.64) word dan:

$$N\ \mathrm{var}(t_i'') = \sigma^2(\nu_{Ni}^{-1} - 2 + 1) \text{ omdat } \sum_g \nu_{Ng} = 1$$

$$= \sigma^2(\nu_{Ni}^{-1} - 1)$$

$$= (1-\nu_{Ni})\nu_{Ni}^{-1}\ \sigma^2.$$

Vergelyking (3.65) word:

$N\ \text{kov}(t_i'', t_{i'}'') = \sigma^2(1-1-1) = -\sigma^2.$

Dus:

$$\begin{aligned}\sum_i \nu_{Ni}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') &= \nu_{Ni'}\text{var}(N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') + \sum_{i(\neq i')} \nu_{Ni}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'')\\ &= (1-\nu_{Ni'})\sigma^2 + \sum_{i(\neq i')} \nu_{Ni}(-\sigma^2)\\ &= (1-\sum_i \nu_{Ni})\sigma^2\\ &= 0.\end{aligned}$$

M_3 is dus hoogstens van rang (k-1).

Vir alle $\nu_{Ni} \geq \nu_0 > 0$ volg onmiddellik dat $\sum_{i(\neq r)} \nu_{Ni}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') \neq 0$ en verder bestaan daar geen getalle a_i sodanig dat

$\sum_{i(\neq r)} a_i\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') = 0$ vir alle i' nie.

Hiermee is lemma 3.18 bewys.

Lemma 3.19. Onder die hipotese H_a, naamlik dat die populasies met verdelingsfunksies F_i nie almal identies is nie, is M_3 asimptoties hoogstens van rang (k-1).

Bewys: Die lemma word bewys deur aan te toon dat die determinant van M_3 asimptoties gelyk is aan nul. Nodig en voldoende hiervoor is dat daar asimptoties 'n lineêre verband tussen die k kolomme van die matriks bestaan, naamlik:

(3.73) $\lim_{N\to\infty} \sum_i n_i\text{kov}(t_i, t_{i'}) = 0$ vir i' =1,2,...,k.

Maar

$$\begin{aligned}\lim_{N\to\infty} n_i\text{kov}(t_i, t_{i'}) &= \lim_{N\to\infty} \nu_{Ni}N\ \text{kov}(t_i, t_{i'})\\ &= \lim_{N\to\infty} \nu_{Ni}N\ \text{kov}(t_i'', t_{i'}'') \quad \text{uit (3.67)}\\ &= \lim_{N\to\infty} \nu_{Ni}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'').\end{aligned}$$

Nodig en voldoende vir die geldigheid van (3.73) is

(3.74) $\lim_{N\to\infty} \sum_i \nu_{Ni}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'')=0$ vir i' =1,2,...,k.

Met behulp van (3.64) en (3.65) kry ons:

$$\sum_i \nu_{Ni}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') = \nu_{Ni'}\text{var}(N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') + \sum_{i(\neq i')} \nu_{Ni}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'')$$

$$= \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\,\sigma_{B_{gi'}B_{g'i'}} - 2\nu_{Ni'}\sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi'}B_{i'i'}} + \nu_{Ni'}\sum_g \nu_{Ng}\sigma^2_{B_{i'g}} +$$

$$+ \sum_{i(\neq i')}\sum_g \nu_{Ni}\nu_{Ng}\sigma_{B_{ig}B_{i'g}} - \sum_{i(\neq i')}\sum_g \nu_{Ni}\nu_{Ng}\sigma_{B_{gi}B_{i'i}} -$$

$$- \sum_{i(\neq i')}\sum_g \nu_{Ni}\nu_{Ng}\sigma_{B_{gi'}B_{ii'}}$$

$$= \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\,\sigma_{B_{gi'}B_{g'i'}} + \sum_i \sum_g \nu_{Ni}\nu_{Ng}\sigma_{B_{ig}B_{i'g}} -$$

$$- \sum_i \sum_g \nu_{Ni}\nu_{Ng}\sigma_{B_{gi}B_{i'i}} - \sum_i \sum_g \nu_{Ni}\nu_{Ng}\sigma_{B_{gi'}B_{ii'}}$$

$$= \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\,\sigma_{B_{gi'}B_{g'i'}} + \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\,\sigma_{B_{g'g}B_{i'g}} -$$

$$- \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\,\sigma_{B_{gg'}B_{i'g'}} - \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng'}\nu_{Ng}\sigma_{B_{gi'}B_{g'i'}}$$

$$= \sum_g \sum_{g'} \nu_{Ng}\nu_{Ng'}\,(\sigma_{B_{g'g}B_{i'g}} - \sigma_{B_{gg'}B_{i'g'}})$$

$$= 0.$$

Dit geld vir enige waarde van i'.

Aan voorwaarde (3.73) word dus voldoen. Daar bestaan dus asimptoties 'n lineêre verband tussen die k kolomme van die matriks M_3.

Hiermee is lemma 3.19 bewys.

Bewys van stelling 3.3.

In lemma 3.18 is bewys dat M_3 van rang (k-1) is onder H_o en in lemma 3.19 dat M_3 asimptoties hoogstens van rang (k-1) is onder H_a.

Ons bewys nou dat M_3 onder H_a ook asimptoties, vir $N \to \infty$, van rang (k-1) is.

Dui die momentematriks van die variante $N^{\frac{1}{2}}t_i''$ aan deur M_4. Indien die r^{de} ry en kolom van M_4 weggelaat word, ontstaan 'n matriks aangedui deur $M_4^{(r)}$. Ons moet aantoon dat daar geen lineêre verband tussen die kolomme van $M_4^{(r)}$ bestaan nie.

Beskou die i' ^{de} ry. In lemma 3.19 is bewys dat

$$(3.74a)\quad \sum_i \nu_{Ni}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') = 0.$$

Ons wil nou bewys dat

$$(3.75)\quad \sum_{i(\neq r)} a_i\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') \neq 0$$

waar die a_i 's willekeurige koëffisiënte is (nie almal nul nie).

$$\sum_{i(\neq r)} a_i\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') = \sum_{i(\neq r)} (a_i-\nu_{Ni})\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') +$$
$$+\sum_i \nu_{Ni}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') - \nu_{Nr}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'', N^{\frac{1}{2}}t_r'')$$
$$= \sum_{i(\neq r)} (a_i-\nu_{Ni})\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_i'', N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'') - \nu_{Nr}\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'', N^{\frac{1}{2}}t_r'')$$

met behulp van (3.74a).

Uit vergelyking (3.65) volg dat

$$\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'', N^{\frac{1}{2}}t_r'') = \sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{i'g}B_{rg}} - \sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{i'r}B_{gr}} - \sum_g \nu_{Ng}\sigma_{B_{gi'}B_{ri'}} .$$

Hierin word terme soos $\sigma_{B_{i'r}B_{gr}}$, $\sigma_{B_{gi'}B_{ri'}}$ en $\sigma_{B_{i'g}B_{rg}}$ $(g=1,2,\ldots,k)$ bevat wat nie almal in $\sum_{i(\neq r)} (a_i-\nu_{Ni})\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'', N^{\frac{1}{2}}t_i'')$ voorkom nie, waaronder byvoorbeeld $\sigma_{B_{i'r}B_{rr}}$ $(r\neq i')$ en $\sigma^2_{B_{ri'}}$. Aangesien die a_i 's nie funksies van die F_i 's is nie en omdat die indekse in B_{ig} en $B_{i'g}$ van $\sigma_{B_{ig}B_{i'g}}$ (sien vergelykings (3.16), (3.17) en (3.27)) nie verwissel kan word nie, behalwe onder H_0 in welke geval die rang van die matriks M_3 reeds as (k-1) bewys is (lemma 3.18), volg dat

$\sum_{i(\neq r)} a_i\text{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'', N^{\frac{1}{2}}t_i'') \neq 0$ mits nie alle $\sigma_{B_{i'r}B_{gr}}$, $\sigma_{B_{gi'}B_{ri'}}$ en $\sigma_{B_{i'g}B_{rg}}$ vir vaste i' en r nul is nie. Voldoende hiervoor is dat $f_{i'}$ en f_r mekaar oorvleuel, of dat daar tenminste één f_g $(g \neq i', r)$ bestaan wat sowel $f_{i'}$ en f_r oorvleuel. Voorsiening hiervoor word deur voorwaarde (3.72) gemaak.

Daar bestaan dus in die algemeen geen lineêre verband tussen die (k-1) kolomme van $M_4^{(r)}$ nie.

Gevolglik is $|M_4^{(r)}| \neq 0$.

M_4 is dus van rang (k-1).

Omdat $\lim_{N\to\infty} N \operatorname{kov}(t_i, t_{i'}) = \lim_{N\to\infty} N \operatorname{kov}(t_i'', t_{i'}'')$ (sien (3.67)), is M_3 dus asimptoties, vir $N\to\infty$, van rang (k-1).

Hiermee is stelling 3.3 bewys.

Opmerking.

Indien aan voorwaarde (3.72) nie voldoen word nie, verminder die rang van M_3. Word $f_{i'}$ en f_r nie albei deur enige ander frekwensiefunksie f_g gesny nie, dan is alle $\sigma_{B_{i'g}B_{rg}}$, $\sigma_{B_{i'r}B_{gr}}$ en $\sigma_{B_{gi'}B_{ri'}}$ nul, sodat $\nu_{Nr}\operatorname{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'', N^{\frac{1}{2}}t_r'') = 0$. Kies ons $a_i = \nu_{Ni}$ vir alle i, dan is $\sum_{i(\neq r)} a_i \operatorname{kov}(N^{\frac{1}{2}}t_{i'}'', N^{\frac{1}{2}}t_i'') = 0$ en is die rang van M_3 hoogstens (k-2).

STELLING 3.4.

Indien

(3.72) Enige twee frekwensiefunksies wat mekaar nie reeds oorvleuel nie, albei deur 'n gemeenskaplike derde frekwensiefunksie oorvleuel word (oorvleuelingsgebiede van maat, m.b.t. elk van die oorvleuelende verdelings, >0),

dan is die momentematriks M_5 van die variante $\hat{t}_i$ onder H asimptoties van rang (k-1) as $N\to\infty$.

Bewys: Die transformasie van $N^{\frac{1}{2}}t_i$ na $\hat{t}_i$ is lineêr en nie-singulier. Gevolglik is die rang van die matriks M_5 asimptoties dieselfde as dié van matriks M_3, naamlik (k-1) (stelling 3.3).

Lemma 3.20. Onder voorwaardes (3.10) tot (3.14') en (3.28) (of (3.72)) voldoen die variante $\hat{t}_i$ aan die voorwaarde

(3.76) $\lim_{N\to\infty} E|\hat{t}_i|^{2+\delta} < \infty$ vir i=1,2,...,k en $\delta>0$.

Opmèrking.

Voorwaarde (3.14) word hier vervang deur

$$(3.14') \quad \begin{aligned} |J(H)| &\leq K[H(1-H)]^{-\frac{1}{4}+\delta} \\ |J^{(m)}(H)| &\leq K[H(1-H)]^{-m-\frac{1}{2}+\delta}, \quad m=1,2 \quad \text{en } \delta > 0. \end{aligned}$$

In alle verdere verwysings na voorwaarde (3.14) word implisiet bedoel (3.14').

Bewys: Sien bylaag B.

Lemma 3.21. Onder voorwaardes (3.10) tot (3.14) en (3.28) (of (3.72)) is die gesamentlike verdeling van $\hat{t}_1, \hat{t}_2, \ldots, \hat{t}_k$ asimptoties normaal as $N \to \infty$.

Bewys: Omdat

$$(3.77) \quad \mathrm{var}(\hat{t}_i) = (N-n_i)N^{-1}\mathrm{var}\left\{[t_i - E(t_i)][\mathrm{var}(t_i)]^{-\frac{1}{2}}\right\} \quad \text{(sien (3.68))}$$

$$= 1 - n_i/N \text{ , is}$$

$$(3.78) \quad \lim_{N\to\infty} \mathrm{var}(\hat{t}_i) > 0 \quad \text{m.b.v. (3.4).}$$

Omdat ons verder ook bewys het dat

$$(3.76) \quad \lim_{N\to\infty} E|\hat{t}_i|^{2+\delta} < \infty \text{ vir } i=1,2,\ldots,k \text{ en } \delta>0$$

(lemma 3.20) en dat, vir willekeurige eindige konstantes e_i,

$$(3.70) \quad \hat{S} = \sum_i e_i \hat{t}_i$$

asimptoties normaal verdeel is as $N \to \infty$ (lemma 3.17), volg uit lemma 2.5 dat die gesamentlike verdeling van $\hat{t}_1, \hat{t}_2, \ldots, \hat{t}_k$ asimptoties 'n normaalverdeling is as $N \to \infty$.

STELLING 3.5.

Onder die voorwaardes (3.10) - (3.14) en (3.72) besit

$$(3.79) \quad T = \sum_i \sum_{i'} \sum_g c_{ig} c_{i'g} \gamma_g \hat{t}_i \hat{t}_{i'}$$

waar die c_{ig} 's en γ_g 's deur M_5 bepaal word (sien lemma 1.1), onder H asimptoties 'n χ^2-verdeling met (k-1) grade van vryheid.

Bewys: Die variante $\hat{t}_1, \hat{t}_2, \ldots, \hat{t}_k$ met $E(\hat{t}_i) = 0$ vir alle i, momentematriks Λ ($\equiv M_5$) wat asimptoties van rang (k-1) is (stelling 3.4) en karakteristieke wortels $\varkappa_1, \varkappa_2, \ldots, \varkappa_{k-1}$ en 0 besit asimptoties gesamentlik 'n normaalverdeling (lemma 3.21) met karakteristieke funksie

$e^{-\frac{1}{2}\vec{t}'\Lambda\vec{t}}$ waar $\vec{t}' = (t_1, t_2, \ldots, t_k)$ en $\vec{t}$ die ooreenkomstige kolomvektor.

Uit lemma 1.1 volg dat T asimptoties 'n χ^2-verdeling met (k-1) g.v.v. besit as $N \to \infty$.

Opmerkings.

1). Vir elke spesifieke alternatiewe hipotese is die momentematriks Λ bepaald en kan die karakteristieke wortels bepaal word - sien lemma 1.1 opmerking 3.

2). Die toetsingsgrootheid T is baie algemeen, maar die bepaling van die variansies en kovariansies en uit Λ die karakteristieke wortels $\varkappa_i$ is nie so maklik nie, indien dit wel moontlik is. Aangesien ons slegs in asimptotiese relatiewe doeltreffendheids-alternatiewe belangstel (d.i. alternatiewe hipoteses H_a waarby

(3.80) $H_a \xrightarrow[\infty]{N} H_o$),

is dit voldoende om 'n toetsingsgrootheid soortgelyk aan dié van hoofstuk II te bestudeer (sien (3.57)).

3). 'n Alternatiewe prosedure kan ook gevolg word, naamlik: Enige (k-1) $\hat{t}_i$'s besit asimptoties gesamentlik die nie-singuliere normaalverdeling (vergelyk lemma 3.17 met $c_k = 0 = e_k$ en stelling 3.4). Dui die momentematriks van $\hat{t}_1, \hat{t}_2, \ldots, \hat{t}_{k-1}$ aan deur $M_{(k)}$ en laat $\vec{t}'_{(k)}$ die ryvektor $(\hat{t}_1, \hat{t}_2, \ldots, \hat{t}_{k-1})$ voorstel met $\vec{t}_{(k)}$ die ooreenkomstige kolomvektor.

